# BEDIENINGS TERUGVOER



2025

www.mosaiek.com

Liewe Mosaïek-familie,

Terwyl ons 'n oomblik stilstaan by die jaar wat agter ons lê en vooruitkyk na wat God onder ons doen, is my hart vol dankbaarheid. Dankbaar vir mense, vir stories, en vir die stil, getroue maniere waarop liefde steeds in ons gemeenskap sigbaar word. Ons ervaar dat ons op 'n belangrike oomblik staan. Miskien selfs 'n keerpunt. As daar iets is wat ons tyd kenmerk, is dit eensaamheid. En juis in hierdie werklikheid roep die Here ons steeds. Die Bybel herinner ons daaraan dat liefde nie opsioneel is nie. Paulus skryf: "Al het ek 'n geloof wat berge kan versit, maar ek het nie liefde nie, is ek niks nie" (1 Korintiërs 13:2). Sonder liefde is daar niks. Liefde is nie iets ekstra wat ons by ons geloof voeg nie - dit lê in die hart daarvan. Ons vra die Here om ons te help om ander goed lief te hê, want wanneer ons *belong*, kan ons word wie God ons geskep het om te wees. Die Here nooi ons om op te let, om raak te sien wat Hy besig is om te doen, en om met moed te reageer. Jesus herinner ons daaraan dat verandering in die hart begin.

In Markus 7 sê Hy dat dit wat ons lewens vorm, van binne af kom. Soos ons harte al hoe meer na die beeld van Christus gevorm word, begin ons lewens Hom weerspieël - tot voordeel van ander. Elkeen van ons word genooi om Jesus te leer ken, Hom te volg en Hom lief te hê. Tog is ons almal op verskillende plekke op hierdie pad. Party ontdek geloof vir die eerste keer. Party vind weer hulle pad terug. Ander leer hoe om hulle geloof uit te leef in die gewone goed van die lewe - werk, familie, verlies en vreugde. Waar jy jou ook al bevind, jy is welkom hier. In die jaar wat voorlê, gaan ons fokus op *community* en die skep van ruimtes waar liefde en *belonging* kan groei. (volgende bladsy)

Soos ons hierdie nuwe seisoen ingaan, gaan ons veral aandag gee aan vyf fokusareas:

- 'n Lewe saam met God, waar ons formasie begin in 'n verhouding met Hom.
- Die formasie van ons jongmense, insluitend 'n nuwe reis genaamd TYO (The Young Ones)—'n jaar van onderskeiding ná Matriek.
- Familia, waar ons saam met gesinne deur elke fase en seisoen van die lewe is.
- Gemeenskapslewe, waar verhoudings gebou en verdiep word.
- Mosaic PM, ons Sondagaanddiens, wat ervaringsgerig en aanbiddingsgefokus sal wees.

In die hart van dit alles is die uitnodiging: om gevorm te word in die manier van Christus, ter wille van ander. Om mense te wees wat ruimte maak vir ander met liefde en deernis. Mense wat hul roeping in verhoudings ontdek. Mense wat, oor en oor, kies om lief te hê. Daarom wil ek ons met hierdie vraag laat:
Wie is jy besig om te word terwyl jy hierdie een, kosbare lewe leef wat aan jou geskenk is? My gebed is dat ons sal luister, 'n dapper tree in community sal gee, en saam deel sal wees van 'n geloofsgemeenskap wat bekend staan vir liefde.

*Melissa Botma*
& die Mosaïek-span



# DIEPER

**Groei in bewustheid van God**

Ons reis as 'n geloofsgemeenskap begin met 'n dieper bewussyn van God: wie Hy is, waar Hy teenwoordig is, en hoe ons uitgenooi word na 'n verhouding met Hom. In 2025 het ons doelbewus dieper gereis in ons lewe saam met God. Deur in-persoon en aanlyn belewenisse het ons spasie geskep om God saam te ontmoet in aanbidding, die Skrif, stilte en gebed. Ons is daaraan herinner dat formasie nie in 'n oogwink plaasvind nie, maar oor tyd, soos ons meer tyd saam met God spandeer. Buite ons Sondagbelewenisse het baie in ons geloofsgemeenskap ook deelgeneem aan die daaglikse formasiereis, retreats en Praxis. Hierdie praktyke het ons gehelp om te beweeg van blote kennis oor God na 'n groter bewustheid vir Sy teenwoordigheid in ons alledaagse lewens. Verlede jaar het 'n eenvoudige waarheid bevestig: wanneer ons stilstaan, luister en spasie maak vir God, begin ons harte verander. Duane Lohrentz het 'n volgende tree geneem om sy geloofsreis te verdiep deur sy heel eerste retreat by Origins by te woon. Hy deel hoe hierdie ervaring vir hom was..

"Ek was nie regtig seker wat om te verwag nie, aangesien ek nog nooit vantevore op 'n retreat was nie. Dit was 'n ongelooflike ervaring wat ek nooit sal vergeet nie. Hierdie retreat is ontwerp om jou tyd, ruimte en stilte saam met die Here te gee – iets wat ons dikwels nie in ons alledaagse lewens kry nie, omdat werk en dalk kinders of ander afhanklikes ons dae vul.

Daar is spasies waar jy tyd saam met God kan spandeer, waar jy in gebed kan sit. Al hierdie plekke help jou om 'n breuk te neem van die gejaag en geraas van die alledaagse lewe. Dit help jou om na God te luister. Dit is iets wat jy nie noodwendig êrens anders ervaar nie. Ek het die Here op 'n nuwe manier ervaar. Dit was persoonlik en baie spesiaal. Ek voel uitgerus en vernuwe.
Ek moedig jou regtig aan om dit self te kom beleef."





## FORMASIEREIS

AFRIKAANS
**939 050**
ENGELS
**10 100**

**949 150**
TOTAAL

TOTAAL IN-PERSOON
**82 013**

**146 347**
TOTAAL AANLYN

TOTAAL ENGELS
**53 674**

**174 686**
TOTAAL AFRIKAANS



## AFRIKAANSE DIENSTE

IN-PERSOON
**59 365**

**115 321**
AANLYN

## ENGELSE DIENSTE

IN-PERSOON
**22 648**

**31 026**
AANLYN

## ORIGINS

RETREATS
**133**

**1561**
RETREAT-GANGERS

## KYKNET

DIE BOODSKAP VIR JOU LEWENSREIS
**10 224 240**

DIE BOODSKAP SONDAGDIENSTE
**2 267 200**

## PRAXIS

**6304**
IN-PERSOON



**3748**
IN-PERSOON
**ENCOUNTER**

**ANTIOCH**
IN-PERSOON
**1324**
**124**
AANLYN

IN-PERSOON
**4173**
**MEZO - TIENERS**

**9393**
IN-PERSOON
**MKIDZ & MKIDS - KINDERS**

**1496**
IN PERSOON
**MAESTROS**





# NADER

**Groei in verhouding met mekaar**

Vir ons geestelike reis om sin te maak, kan ons dit nie alleen stap nie. Geloof word in verhoudings gevorm. Soos ons dieper in ons verhouding met God groei, word ons ook uitgenooi om nader aan mekaar te beweeg. In 2025 was een van ons fokuspunte medewerkers gewees. Ons het besef dat dié wat dien help om die kultuur van ons gemeenskap te vorm. Ons het tyd geneem om medewerkers te ondersteun, toe te rus en saam met hulle te stap, en sodoende hulle rol in God se Koninkryk te erken.

Die afgelope jaar was ook die bekendstelling van die Alpha leerervaring binne ons gemeenskap. Leerervarings skep spasie vir gesprekke om plaas te vind en help ons om saam met ander in ons geloofsreis te groei. Ons is weereens herinner dat transformasie in 'n veilige, liefdevolle gemeenskap plaasvind. André en JK het albei verlede jaar aan Alpha deelgeneem en deel hoe dit hulle geraak het om geloof en vrae binne 'n klein groep te verken.

"Ek het Alpha bygewoon om te groei in my geloof en verhouding met God. Tydens Alpha het ek wonderlike nuwe vriende gemaak uit verskillende lewensagtergronde, en saam het ons besef hoe belangrik dit is om ons oortuigings en geloofsreise met mekaar te deel. Dit het my ook die geleentheid gegee om deel te hê aan die geloofsgroei van ander rondom my."

– Andre Lindeque

"What made me sign up for Alpha was a long journey of trying to find something within myself and wanting to explore who I am in God. I expected it to be something to study, but it turned out to be something I could express. It made me feel more open, and the small group conversations impacted me in such a huge way. I was quite antisocial before, and being able to open up to people from different backgrounds and age groups helped me find connection. I see a bit of God in every single person I talk to. It's amazing. I was inspired to read more, to listen more, and I discovered that God is proactive and present. It's one of the best experiences you can have, especially if you are just starting out on your faith journey."

– JK Mkhuma





## MEDEWERKERS

MENSE
1294

37
MEDEWERKER GROEPE



PERSONE
35

4
ONDERSTEUNINGS-GROEPE

## GROEPE

226
PERSONE

LEWENSGROEPE
30

363
PERSONE

BELANGE-GROEPE
5

## LEWENS-GROEPE

27
AFRIKAANSE LEWENSGROEPE

326
PEOPLE

3
ENGLISH LIFE GROUPS

37
PEOPLE

## LEERERVARINGS

81
DEELNEMERS

SELFBEGELEIDEND E LEERERVARINGS
4

AANLYN INTERAKTIEWE LEERERVARINGS
2

58
DEELNEMERS

18
IN-PERSOON INTERAKTIEWE LEERERVARINGS

404
DEELNEMERS

# Pastoraal

(Wholeness)

## WEEK VAN BEGELEIDE GEBED

200

## GEESTELIKE GESPREKKE

TOTAAL
1392

444
PASTORAAL

KYKNET GEBEDSLYN
230

401
GEESTELIKE BEGELEIDING

317
E-POS GEBEDS-VERSOEKE

## GESPREKKE OOR JOU SIEL

3183
TOTAAL

317
POTENTIAL COACHING

KLINIESE MAATSKAPLIKE WERK
697

TERAPEUTIESE DIENSTE
2169

## GESPREKKE OOR JOU LIGGAAM

TOTAAL
1454

1026
ARBEIDSTERAPIE

DIEETKUNDE
428



# VERDER

**Om ons geloof verder as onsself uit te leef**

Die wêreld is op baie maniere gebroke. Om werklik lief te hê, word ons geroep om verby ons gemaksones te beweeg en verder in die wêreld in te beweeg. Deel van ons reis as 'n geloofsgemeenskap is om ons met die nood van die wêreld te vereenselwig en om nooit die armes te vergeet nie. Liefde, wanneer dit uitgeleef word, lei ons altyd na buite. Dit roep ons om lyding raak te sien, om saam met die wat op die brink van die sameleweing is te stap, en om met deernis te reageer op hulle nood.

Deur ons F.A.C.T-kombuise, Missio-bediening en verskeie uitreike en vennootskappe het ons voort gegaan om God se hart vir geregtigheid, waardigheid en sorg te weerspieël. Hierdie werk herinner ons daaraan dat formasie nooit net vir ons eie groei is nie. Ons word gevorm na die beeld van Christus ter wille van ander. Megan, 'n Missio-medewerker wat sedert 2018 by Florida Babahuis betrokke is, gee vir ons 'n blik op die blywende impak wat dit het om te dien:

Daar was nog altyd 'n verlange in my hart om terug te gee, en ek het nog altyd dit geniet om met kinders te werk. Baie mense voel onseker of hulle sal kan dien, omdat hulle bang is dit sal te hartseer wees. Maar ek glo 'n mens moet met 'n oop hart kom en liefde en tyd gee. Om te gee en te dien het my gehelp om te groei in hoe ek oor ander mense dink en ook oor my eie verhoudings. Dit nooi ons om verder as onsself en ons onmiddellike families te leef. Dit leer ons kwesbaarheid en vrygewigheid. Ek glo dit is die Here se hand aan die werk in die lewens van hierdie kinders.

Ten spyte van die moeilike omstandighede waaruit hulle kom, is hulle geseënd om 'n veilige hawe te hê. Die Here is so goed, en daar is ontelbare klein seëninge hier. My reis by die Babahuis het my hart oopgemaak om te sien hoe groot God is. Om 'n klein deel van hierdie kinders se stories te wees, maak my diep dankbaar. Ek is dankbaar dat ek kan gee en die Here kan dien. In hierdie plek is ek Sy hande en Sy voete.."





# Expressing Hope



F.A.C.T
MAALTYE
VOORSIEN
*(ONGEVEER)*
**4 400 000**

**21**
F.A.C.T KOMBUISE WAT MAALTYE VOORSIEN AAN KWESBARE GEMEENSKAPPE.

**24 938**
MAALTYE PER DAG VOORSIEN
*(ONGEVEER)*

**1138**
**EXPRESSING HOPE CARE BOXES UITGEDEEL TYDENS KERSSEISOEN**

TOTALE MISSIO MEDEWERKERS
**1369**

UNIEKE MISSIO MEDEWERKERS
**788**

**58**
MISSIO DIEN GELEENTHEDE

NUWE UNIEKE MEDEWERKERS
**476**

**2835**
GESAMENTLIKE URE GEDIEN





# Missional Expression

Saam met die miljoene maaltye wat elke jaar voorsien word, het ons ook hande gevat met vennote om nuwe gemeentes in informele nedersettings te vestig, sowel as om leiers op te lei en te ontwikkel. Twee langtermyn-vennote waarmee ons saamreis, is Judea Harvest en Mosaic Upliftment in Mosambiek.

Gerhard van Mosaic Upliftment herinner ons aan die impak wat 'n fisiese gebou – iets wat ons dikwels as vanselfsprekend aanvaar – kan hê: "Dit is 'n ongelooflike voorreg om te help om 'n kerk te plant en te bou in 'n ontoeganklike area, om te sien hoe mense 'n plek van aanbidding geniet en trots voel om vriende uit te nooi na 'n ruimte waar hulle kan hoor van die God wat voorsien."

## SAAM METJUDEA HARVEST

NUWE KERKGEBOUE
**16**

**7**
NEW HOPE SENTRUMS VIR KINDERS

PROJEKTE WAT BEGIN IS
**16**

## SAAM MET MOSAIC UPLIFTMENT

NUWE KERKGEBOUE
**6**

PASTORE, LEIERS EN MEDEWERKERS OPGELEI
**1118**

PROTECTION DOLL PROJEK


KINDERS ONDERRIG OOR VEILIGHEID EN GRENSE
**5000**


**1000+**
POPPIES EN BOEKE UITGEDEEL
*ongeveer



# Finansies

## OPERASIONELE INKOMSTE




## TOEDELING VAN UITGAWES

- MISSIONEEL **31%**
- BEDIENING **43%**
- BEDRYFSKOSTES **17%**
- ONDERSTEUNINGSKOSTES **9%**

## TIENDES




Gemiddelde maandelikse tiende-bydrae per transaksie

Aantal gemiddelde tiendetransaksies per maand



mosaïek

011 268 4700 • info@mosaiek.com
1 Danielle Street, Fairland Johannesburg